Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## HANDELSREG N5

**10 Junie 2021**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 B
1.4 C
1.5 B
1.6 A
1.7 A
1.8 B
1.9 C
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

### VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

### VRAAG 3

3.1 C
3.2 D
3.3 B
3.4 H
3.5 I
3.6 E
3.7 J
3.8 G
3.9 A
3.10 F

(10 × 1) **[10]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 4**

4.1 'n Persoon wat sonder magtiging namens iemand anders optree tot die uitsluitlike voordeel van die ander persoon, en nie met die bedoeling om vergoeding te ontvang nie.

4.2 'n Reg wat tot medeborge se beskikking is. Waar een borg aangespreek word om te betaal, kan hy aanvoer dat alle medeborge pro rata vir die skuld aangespreek word.

4.3 'n Vorderingsreg wat 'n bona fide-besitter op geld of arbeid het wat sonder die toestemming van die eienaar bestee is. Die uitgawes aangegaan was nuttig en het die markwaarde van die eiendom verhoog, byvoorbeeld, die oprigting van 'n heining op 'n plaas.

4.4 Op die insolvent van toepassing – waar hy of sy ná 'n bepaalde periode in sy of haar oorspronklike posisie herstel sal word.

4.5 'n Kontrak wat voor die registrasie van 'n maatskappy aangegaan is.

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 5**

5.1.1
- 'n Wettige kontrak
- tussen twee en maksimum twintig persone
- om tot die vennootskap by te dra
- met die hoofoogmerk om wins te maak
- in hul gemeenskaplike belang en tot hul gesamentlike voordeel.

(5 × 2) (10)

5.1.2
- Die reg om in die winste te deel
- Die reg van beheer
- Reg op kompensasie
- Reg op verdeling van bates by ontbinding
- Reg op inspeksie van die vennootskap se boeke

(5)

5.1.3 Die plig tot goeie trou.✓✓

Dit beteken dat elke vennoot
- alle geheime winste of kommissie wat ontvang word, in rekening moet bring
- nooit in 'n posisie geplaas moet word waar sy of haar persoonlike belang regstreeks met die belang van die vennootskap bots nie.

Jabu het 'n geheime wins gemaak en sy persoonlike belange bots regstreeks met die belange van die vennootskap.✓✓ (4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.1.4 Die vennootskap sal ook ontbind word as Pule insolvent verklaar word.
Insolvensie van óf 'n vennoot✓✓ óf vennootskap beëindig 'n vennootskap.✓✓ (4)

5.2.1 'n Kontrak waarvolgens die pandgewer✓ sy/haar roerende eiendom✓ in die hande van die pandnemer/pandhouer✓ plaas as sekuriteit vir skuld.✓ (4)

5.2.2
- Die bestaan van 'n geldige skuld of verpligting.
- Roerende eiendom wat gelewer moet word.
- 'n Ooreenkoms tussen die partye dat 'n pand sal ontstaan. (3)

5.2.3
- Krediteur het die reg om die eiendom te hou totdat betaling ontvang is.
- Krediteur ontvang 'n voorkeureis bo ander eise.
- Krediteur mag die eiendom verkoop om uitstaande geld te bekom.

(3 × 2) (6)

5.2.4
- Sodra die skuld vereffen (ten volle betaal) is.
- Opsegging van regte deur die krediteur.
- Novasie/Skuldvernuwing – waar 'n ou skuld deur 'n nuwe skuld vervang word.
- Samesmelting – waar die pandnemer/pandhouer die regmatige eienaar van die verpande goedere word.
- Vervreemding van die verpande goedere – kan slegs met toestemming van debiteur plaasvind. (5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 6**

6.1 Openbare maatskappy/publieke maatskappy (1)

6.2 3 (1)

6.3 Akte van inkorporasie (1)

6.4
- Gewone aandele
- Voorkeuraandele
- Uitgestelde aandele/Stigtersaandele (3)

6.5 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**

- Skuldbriewe maak nie deel uit van eienaarsekwiteit nie, maar wel van langtermynlaste.
- 'n Skuldbrief moet afgelos/terugbetaal word
- 'n Vaste rentekoers moet betaal word.
- Skuldbriefhouers het nie stemregte nie.
- Skuldbriewe kan gedeeltelik, teen 'n premie of diskonto uitgereik word.

Downloaded from www.mycourses.co.za
(4 × 2) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.6 Prospektus (1)

6.7 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**
Belangrikste kategorieë waarin fidusiêre pligte verdeel word:

Belangebotsing✓✓
- Moet te alle tye vermy word en beteken dat 'n direkteur geen ander voordeel mag verkry behalwe die direkteursvergoeding nie.

Bona fide-optrede/handeling te goeder trou✓✓
- Moet in die beste belang van die maatskappy optree.✓✓

Sluit die volgende objektiewe norme in:
- Direkteur mag nie sy bevoegdhede oorskry nie (vermoëns).✓✓
- Geen ultra vires-handelinge mag onderneem word nie.✓✓
- Direkteur moet diskresie uitoefen, wat beteken dat hy of sy nie ooreenkomste mag aangaan nie,✓✓ byvoorbeeld, om op 'n bepaalde manier by direkteursvergaderings te stem nie.
- Direkteur moet sy of haar bevoegdhede aanwend vir die doeleindes waarvoor hulle toegestaan is. (14)

6.8 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**
- Dit beïnvloed nie die voortsetting van die maatskappy nie.
- Maatskappy val onder die beheer van die likwidateur vir doeleindes van likwidasie.
- Direkteure moet hul poste ontruim en hul bevoegdhede en pligte word beëindig.
- Geen oordrag van aandele of verandering in die status van die maatskappy se lede mag plaasvind tensy die likwidateur dit magtig nie.
- Geen vervreemding of beskikking oor goedere mag plaasvind nie.
- Alle siviele eise deur of teen die maatskappy word opgeskort totdat 'n likwidateur aangestel is.
- Konfiskasie of eksekusie teen 'n boedel of bates van die maatskappy nadat likwidasie begin het, is nietig.
- Die maatskappy bly die eienaar van die eiendom, maar word beskou as onder die toesig en beheer van die likwidateur. (5 × 2) (10)

6.9
- Minstens drie lede✓
- Moet uit slegs nie-uitvoerende direkteure✓ bestaan wat nie by die dag-tot-dag-bestuur betrokke is nie. (2)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


6.10 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**

- Nomineer vir aanstelling van 'n ouditeur.
- Bepaal die gelde betaalbaar aan sodanige ouditeur en sy of haar aanstellingsvoorwaardes.
- Verseker dat die aanstelling voldoen aan die bepalings van die Wet en ander tersaaklike wetgewing.
- Neem enige nie-ouditdienste in ag wat die ouditeur moet uitvoer of nie hoef uit te voer nie.
- Voorbereiding van 'n verslag wat by die finansiële jaarstate ingesluit moet word.
- Doen verslag oor ontvangs en hantering van aangeleenthede/klagtes in die maatskappy.
- Voorlegging aan die direksie oor enige sake rakende die maatskappy se rekeningkundige beleide, finansiële beheer, registers/rekords en verslagdoening.
- Uitvoering van ander funksies soos deur die raad bepaal.
- Om te bepaal of die ouditeur se onafhanklikheid onder verdenking kan wees.
- Om nakoming van ander kriteria ten opsigte van onafhanklikheid of belangebotsing te oorweeg. (5)

6.11 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**

- Goeie kontinuïteit
- Beperkte aanspreeklikheid van aandeelhouers.
- Beleggings in die maatskappy is oordraagbaar. (2 × 2) (4)

**[50]**

## VRAAG 7

7.1.1 Dit vervul dieselfde doel as die akte van inkorporasie ('MOI').✓✓ Dit sit die prosedures uiteen wat in die administrasie van 'n regspersoon gevolg moet word.✓✓ (2 × 2)

Dit hanteer die besigheid wat normaalweg in 'n vennootskapsooreenkoms✓✓ aangetref word, veral met betrekking tot die finansiering van die onderneming,✓✓ gronde vir beëindiging van lidmaatskap,✓✓ die oorname van 'n uittredende lid se belang en beperkings op 'n uittredende lid se belang.✓✓ (2 × 2)

Dit hanteer die besigheid wat in 'n aandeelhouer se ooreenkoms verskyn, byvoorbeeld,✓✓ die skeiding van magte,✓✓ die aanstelling van verteenwoordigers van die korporasie,✓✓ die persentasie winsdeling✓✓ en algemene beleid.✓✓ (2 × 2) (12)

7.1.2

- Vrywillige vervreemding van ledebelang.
- 'n Gedwonge verkoop van 'n ledebelang as gevolg van insolvensie.
- 'n Testamentêre bemaking van 'n ledebelang.
- Deregistrasie of likwidasie en die gevolglike ontbinding van die beslote korporasie
- As gevolg van 'n hofbevel. (5)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.1.3
- 'n Ongerehabiliteerde insolvent
- Iemand wat uit 'n vertrouensposisie ontslaan is
- Iemand wat skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing, korrupsie of enige onwettige handeling. (3)

7.1.4 Ja. (1)

7.2.1
- 'n Krediteur wat 'n gelikwideerde eis het vir nie minder as R100 nie
- Twee of meer krediteure wat gemiddeld gelikwideerde eise het van nie minder as R200 nie (2)

7.2.2
- Die hof moet die nodige eis teen die debiteur hê – 'n gelikwideerde eis van nie minder nie as R100 of gemiddeld nie minder as R200 nie indien daar meer as een krediteur is.
- Dat die debiteur inderdaad insolvent is of dat die debiteur 'n insolvensiedaad gepleeg het.
- Daar is voldoende rede om te glo dat dit tot voordeel van die krediteure sal wees. (3 × 2) (6)

7.2.3
- Aansoek om sekwestrasie word deur die insolvente debiteur of vennoot of gemagtigde agent, kurator of trustee gedoen.
- Voor aanvaarding van oorgawe deur die hof moet die insolvente debiteur die kennisgewing van oorgawe van sy/haar boedel publiseer.
- 'n Vermoënstaat moet by die hof en plaaslike landdroshof ingedien word. (3 × 2) (6)

7.2.4 **AANTEKENING AAN NASIENER: Enige van die volgende kan as korrek nagesien word.**
- Geen verdere betalings aan 'n krediteur of krediteure mag gedoen word nie.
- Die insolvent moet akkurate registers/rekords byhou van alle bates ontvang en alle betalings gemaak tydens die loop van sy/haar onderneming of beroep.
- Hy/sy moet die trustee bystaan met die likwidasie van enige eiendom wat tot die boedel behoort.
- Die insolvent moet alle vergaderings met krediteure bywoon.
- Die debiteur moet 'n vermoënstaat by die Meester indien.
- Hy/sy moet registers/rekords byhou van alle gelde wat ontvang word.
- Hy/sy moet alle bates aan die trustee oorhandig.
- Hy/sy moet die trustee op hoogte hou van enige adresverandering. (5 × 1) (5)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


7.2.5 (a) Akkoord (2)

(b)
- Dit bind die insolvent en alle konkurrente krediteure.
- Die insolvent se bates kan aan hom/haar terugval.
- Die insolvent is geregtig op 'n sertifikaat wat aandui dat die akkoord aanvaar is en dat hy/sy om rehabilitasie aansoek kan doen.
- Akkoord bind nie die onafhanklike krediteure van die insolvent se gade nie. (4 × 2) (8)

**[50]**

**VRAAG 8**

8.1 **LET WEL: Enige toepaslike en korrekte voorbeeld**

- Volgens ooreenkoms✓
  Byvoorbeeld, 'n agentskap sluit 'n kontrak met 'n agent om eiendom namens die verkoper te verkoop✓✓

- Estoppel✓
  Byvoorbeeld, 'n agent het die agentskap verlaat, maar die agentskap het nie die mark ingelig dat persoon X nie meer 'n agent is nie en persoon X gaan voort om namens die prinsipaal te handel✓✓

- Bevoegdheid deur reg verleen
  Byvoorbeeld, 'n voog wat namens 'n minderjarige handel
  'n Kurator wat namens 'n kranksinnige persoon handel
  'n Kurator wat namens 'n insolvente boedel handel
  'n Vennoot wat namens 'n vennootskap handel

- Ratifikasie
  Byvoorbeeld, 'n agent mag slegs kontrakte aangaan tot by R1 200 000. Agent A het 'n kontrak ter waarde van R1 250 000 aangegaan. Die prinsipaal het ná die tyd toestemming gegee.

- Bevoegdheid deur feite verleen
  Byvoorbeeld, bestuurders van 'n onderneming het implisiete gesag om alle dinge te doen wat redelikerwys met die bedryf van daardie tipe onderneming gepaard gaan. (15)

8.2
- Om sy of haar mandaat volgens die prinsipaal se instruksies uit te voer
- Om sorg, vaardigheid en omsigtigheid aan die dag te lê
- Om eerlik te wees en te goeder trou op te tree
- Om aan die prinsipaal verantwoording te doen (4)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


8.3
- ʼn Agent wat aangestel word om die prinsipaal se goedere teen kommissie te verkoop.
- Goedere word onder sy of haar beheer geplaas.
- Faktoor gebruik sy of haar eie diskresie en kan selfs onder sy of haar eie naam oor die goedere beskik.
- Die faktoor het retensiereg – wat beteken dat hy of sy die goedere kan behou vir koste aangegaan en totdat kommissie betaal word. (4 × 2) (8)

8.4
- Erken en aanvaar die plig om aan die agent verantwoording te doen.
- Vergoed die agent vir uitgawes aangegaan in die uitvoering van sy/haar pligte.
- Stel die agent skadeloos teen alle verliese wat in die uitvoering van die mandaat gely word.
- Betaal die agent die ooreengekome vergoeding. (4)

8.5 8.5.1 Debiteure- en krediteure-retensiereg✓ is ʼn stilswyende reg✓ wat regtens toegestaan word aan ʼn persoon wat geld bestee of arbeid verrig het met die uitdruklike of stilswyende toestemming van die eienaar. Hy of sy kan die geld behou totdat kommissie betaal is.✓ (3)

8.5.2 Besit van ʼn retensiereg moet geregtelik/wettig wees.✓✓
Werklike fisieke beheer oor die eiendom tesame met die opset om die eiendom tot sy of haar eie voordeel te behou.✓✓

Ononderbroke besit✓✓
Retensiereg word verbeur indien persoon wat die uitgawes aangegaan het vrywillig van sodanige eiendom afstand doen.✓✓ (8)

8.6
- Die verbandnemer bekom ʼn saaklike reg op die onroerende eiendom van die debiteur.
- Die verband wat op skrif gestel en geregistreer is, dien as sekuriteit vir die verbandnemer indien die debiteur versuim om sy/haar verpligtinge na te kom.
- Hierdie vorderingsreg is ʼn voorkeurreg en is geldig ten opsigte van alle persone.
- Sluit ook in enige bybehore, byvoorbeeld, stoorkamers, swembad, ens.
- Indien die debiteur se eiendom verkoop word, behou die verbandnemer sy of haar voorkeurreg. (4 × 2) (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou